Verwysing: 20150803-1936
2/19/2
Navrae: L Coleridge-Zils

Omsendbrief: 0001/2016
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunk-direkteure, IBB-hoofde, Kringspanbestuurders, Hoofde van onderwysinrigtings en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief stel die Rookbeleid van die Wes-Kaap Onderwysdepartement, 2015, bekend.*

Onderwerp: *Rookbeleid van die* Wes-Kaap Onderwysdepartement, 2015

1. Hierdie omsendbrief herroep Omsendbrief 0046/2003 en Omsendbrief 0002/2004 in die geheel.

2. Die Provinsiale Minister wat vir onderwys in die Wes-Kaap verantwoordelik is en optree ingevolge die bepalings van die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 1993 (Wet 83 van 1993), het die Rookbeleid van die Wes-Kaap Onderwysdepartement, 2015, goedgekeur.

3. Wysigings aan wetgewing met betrekking tot rook in openbare plekke het plaasgevind sedert die Rookbeleid van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie in 2002 goedgekeur is. 'n Nuwe rookbeleid is dus vir die Wes-Kaap Onderwysdepartement ontwikkel. 'n Paar van die bepalings van die Rookbeleid van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie, gepubliseer in 2002, is in die Rookbeleid van die Wes-Kaap Onderwysdepartement, 2015, vervat, asook sekere bywerkings van wysigings soos vervat in die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 1993 (Wet 83 van 1993).

4. Paragraaf 4.1 van die Rookbeleid van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie bepaal dat die rook van tabakprodute in alle werkplekke van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie verbode is. Hierdie bepaling sluit onderwysinrigtings in.

5. Alle werkplekke onder die jurisdiksie van die Wes-Kaap Onderwysdepartement word hiermee tot rookvrye gebiede, ingevolge paragraaf 5.1(a) van die Rookbeleid van die Wes-Kaap Onderwysdepartement, 2015, verklaar. Kennisgewings en

uithangborde wat aandui waar rook verbode is, moet duidelik sigbaar wees en moet die volgende waarskuwing bevat: "ENIGE PERSOON WAT IN GEBREKE BLY OM TE VOLDOEN AAN HIERDIE KENNISGEWING SAL VERVOLG WORD.".

6. Sekere gebiede binne die werkplek kan ingevolge paragraaf 5.1(b) van die beleid as aangewese rookgebiede verklaar word. Die identifisering van sodanige gebiede binne die werkplek moet aan die bepalings van die Rookbeleid van die Wes-Kaap Onderwysdepartement, 2015, voldoen en kennisgewings en uithangborde wat aandui waar rook toelaatbaar is, moet duidelik sigbaar wees.

7. Die implementering van hierdie beleid sal in oorleg met departementele gesondheid- en veiligheidsverteenwoordigers of komittees by Hoofkantoor en distrikskantore en onderwysinstansies , aangestel ingevolge artikel 17 en 19 van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993), deur die Hoof-Direktoraat: Distrikte gemonitor word.

8. Dit is belangrik om kennis te neem dat die aangehegte Rookbeleid van die Wes-Kaap Onderwysdepartement, 2015, nie die Rookbeleid van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie vervang nie, maar daarmee saam gelees moet word.

9. Hierdie beleid is onmiddellik van toepassing en Hoofdirekteure, Direkteure by Hoofkantoor en distrikskantore en hoofde van onderwysinstansies word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle personeellede, beheerliggame en skoolgemeenskappe te bring.

GETEKEN: PA VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2015-12-03

Wes-Kaapse Regering

Onderwys

Direktoraat: Beleidskoördinering

WES-KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT ROOKBELEID, 2015

Inhoudsopgawe **Bladsy**

1.	Woordomskrywing	2-3
2.	Wetsraamwerk	3
3.	Doel	3-4
4.	Toepassingsbestek	4
5.	Beleidsbepalings	4-6
6.	Aangewese buitelug rookgebiede op skoolpersele	6
7.	Implementering	6-7
8.	Reklame, borgskappe en promosie	7
9.	Dissiplinêre en grieweprosedures	7
10.	Herroeping	8
11.	Hersiening	8

Aanhangsel

Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie se Rookbeleid

1. Woordomskrywing

In hierdie beleid het enige woord of uitdrukking wat betekenis dra in die Wet die betekenis wat daaraan gegee is, en tensy die konteks anders aandui, beteken –

"**reklame**" —
enige kommersiële kommunikasie of handeling wat op enige manier onder die aandag van enige lid van die publiek gebring word met die doel, gevolg of waarskynlike gevolg dat dit —

(a) die verkoop of gebruik van enige tabakproduk, tabakprodukhandelsnaamelement of tabakvervaardiger se naam met betrekking tot 'n tabakproduk sal bevorder; of

(b) as 'n aanbeveling van 'n tabakproduk beskou sal word.

"**werkplek**" –

(a) enige binnenshuise, ingeslote of gedeeltelik ingeslote gebied waarin werknemers die pligte van hulle diens verrig, insluitende enige gang, portaal, trapkuil, hyser, kafeteria, waskamer of ander gemeenskaplike gebied wat in die loop van hulle diens deur sodanige werknemers besoek word; maar

(b) uitgesonderd enige privaat woning, en enige gedeelte van 'n gebied in (a) genoem wat spesifiek deur die werkgewer aangewys is as 'n rookgebied en wat voldoen aan die voorgeskrewe vereistes soos uiteengesit in paragraaf 4.2 van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie se Rookbeleid.

2. Wetsraamwerk

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 1993 (Wet 83 van 1993)
Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993)
Kennisgewing oor die Rook van Tabak in Openbare Plekke, gepubliseer in *Staatskoerant* 35198 van 30 Maart 2012, Goewermentskennisgewing 264
Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie se Rookbeleid, deur die Provinsiale Kabinet goedgekeur ingevolge Resolusie 318 van 2002

3. Doel

3.1 Die doel van hierdie beleid is om —

(a) alle openbare geboue of persele onder die jurisdiksie van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement tot rookvrye gebiede te verklaar ingevolge paragraaf 4.1 van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie se Rookbeleid;

(b) te voldoen aan artikel 24(a) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, die bepalings van die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 1993 (Wet 83 van 1993), die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993), en ander toepaslike wetgewing;

(c) te waarborg dat nie-rokers in 'n rookvrye omgewing kan werk met inagneming van die behoeftes van diegene wat rook;

(d) te verseker dat, waar spesiale voorsiening gemaak is deur middel van die toewysing van 'n aangewese vertrek vir rook, normale werkverrigting nie deur die benutting van die vertrek buite amptelike breuke geraak word nie;

(e) te verseker dat, waar daar nie 'n aangewese vertrek beskikbaar is nie, redelike maatreëls getref is om die regte van nie-rokers te beskerm;

(f) te verseker dat leerders hulle opvoeding in 'n gesonde omgewing ontvang en dat werknemers in 'n gesonde werkomgewing werk;

(g) onderwysinrigtings aan te moedig om hulle daartoe te verbind om 'n gesonde onderwysomgewing te bevorder.

4. Toepassingsbestek

4.1 Hierdie beleid is van toepassing op alle werknemers by Hoofkantoor en in die onderwysdistrikte en onderwysinrigtings van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement.

4.2 Hierdie beleid moet saamgelees word met die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie se Rookbeleid.

5. Beleidsbepalings

5.1 Die behoefte om werknemers, leerders by onderwysinrigtings en openbare skole , en persone wat openbare plekke besoek, teen rook in die werkplek te beskerm, laat die werkgewer met een van twee opsies:

(a) Die werkgewer kan die hele werkplek, insluitende ─

(i) alle kantore, werkkamers en konferensielokale;

(ii) onderwysinrigtinggeboue, insluitende administrasieblokke, personeelvergaderkamers, klaskamers, laboratoriums, ouditoriums en siekeboeë;

(ii) sale, gange, portale, trapkuile, hysers, kafeterias en waskamers;

(iii) amptelike vervoer en skoolvervoer;

(iv) lokale waar leerders byeenkom, op plekke op die onderwysinrigtingperseel waar buitenshuise byeenkomste plaasvind (sportfasiliteite), op speelterreine op onderwysinringtingpersele, in kindersorgfasiliteite; en

(v) ander gemeenskaplike gebiede wat in die loop van hulle diens besoek word deur werknemers, deur leerders by 'n onderwysinringting en deur persone wat die onderwysinrigting besoek,

tot 'n rookvrye omgewing te verklaar.

(b) Die werkgewer kan sekere areas binne die werkplek as aangewese rookareas verklaar, met dien verstande dat hulle verseker dat sodanige areas heeltemal geskei is van ander areas van die werkplek.

5.2 Niemand mag enige tabakproduk rook in kantore wat deur amptenare van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement beset word of binne 'n **afstand van 10 meter** van enige venster, ventilasie-opening, deuropening of ingang tot enige perseel en onderwysinrigting onder die beheer van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement nie.

5.3 Die persoon in beheer van 'n plek of gebied soos in subparagraaf 5.2 beoog, moet die voorgeskrewe tekens vertoon ten einde enige persoon wat so 'n plek of gebied binnegaan of wat in of op so 'n plek of gebied is, van enige toepaslike verbod op rook in kennis te stel.

5.4 Die Departementshoof moet verseker dat —

(a) werknemers en leerders beswaar kan maak teen rook in die werkplek of by skole wat strydig is met die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 1993 (Wet 83 van 1993), sonder vergelding van enige aard;

(b) werknemers of leerders, wat nie aan tabakrook in die werkplek of op skool blootgestel wil word nie, nie daaraan blootgestel word nie;

(c) dit nóg 'n uitdruklike nóg 'n geïmpliseerde diensvoorwaarde is dat daar van enige werknemer verwag word om in enige deel van die werkplek te werk waar rook toegelaat word;

(d) daar nie van werknemers vereis word om enige vrywaring te teken vir werk in enige deel van die werkplek waar rook toegelaat word nie.

6. Aangewese buitenshuise rookgebiede op skoolpersele

6.1 Die hoof van 'n onderwysinrigting kan 'n deel van 'n buiteluggebied op die onderwysinrigtingperseel aanwys as 'n area waar rook toegelaat word.

6.2 Rook mag slegs in daardie areas toegelaat word en op geen ander deel van die onderwysinrigtingperseel nie.

6.3 'n Kennisgewing moet in die aangewese rookgebied vertoon word waarin verklaar word dat –

(a) die gebied 'n aangewese buitenshuise rookgebied slegs vir personeel is; en
(b) geen leerders en persone jonger as 18 jaar in die gebied teenwoordig mag wees nie.

6.4 'n Aangewese buitenshuise rookgebied mag nie langs 'n ingang tot die onderwysinrigtinggebou of langs gebiede op die perseel, soos in paragraaf 5.1(b) genoem word, wees nie.

7. Implementering

7.1 Personeel mag nie rook buite tee- en etenspouses nie.

7.2 Alle direkteure en ander toesighouers moet verseker dat rook tot tee- en etenstyd beperk word in die geval van kantoorgebaseerde werknemers, en tot die vasgestelde pouses vir skoolgebaseerde werknemers by onderwysinrigtings.

7.3 'n Afwyking van die norm sal toegelaat word slegs wanneer 'n direkteur, 'n hoof van ‘n onderwysinrigting of 'n toesighouer vir 'n werknemer goedkeuring gegee het om te rook buite amptelike tye, soos genoem in subparagraaf 7.2. Dit is toelaatbaar slegs wanneer 'n werknemer nie sy of haar amptelike tyd kon neem nie as gevolg van werkverpligtinge soos vergaderings of speelterreinpligte.

7.4 Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se bestuursdoeltreffendheid en bedryfsvereistes, asook die vlak van produktiwiteit en die vereiste werkuitset van die betrokke personeel, mag nie deur die toegewings soos genoem in subparagraaf 7.3 in die gedrang gebring word nie.

8. Reklame, borgskappe en promosie

8.1 Niemand mag in of op geboue, kantore of persele wat deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement beset word of onderwysinrigting 'n tabakproduk op direkte of indirekte wyse adverteer of bevorder of veroorsaak dat enige ander persoon dit adverteer of bevorder nie, insluitende deur borgskap, byeenkoms, diens, fisiese inrigting, program, projek, beurs, studiebeurs of enige ander metode.

8.2 'n Vervaardiger of invoerder van 'n tabakproduk kan vir liefdadigheid 'n finansiële bydrae lewer of ‘n borgskap verskaf, met dien verstande dat sodanige bydrae of borgskap nie vir die doel van reklame is nie.

9. Dissiplinêre en grieweprosedures

9.1 Elke werknemer wat van mening is dat iemand op wie hierdie beleid van toepassing is, hierdie bepalings oortree het, mag die amptelike grieweprosedures gebruik.

9.2 Dissiplinêre maatreëls kan ingestel word teen werknemers wat nie aan die vereistes van die beleid voldoen nie.

10. Herroeping

Hierdie beleid herroep:
Omsendbrief 0046/2003 gedateer 6 Maart 2003; en
Omsendbrief 0002/2004 gedateer 19 Desember 2003.

11. Hersiening

Hierdie beleid moet hersien word wanneer die behoefte ontstaan, of in die geval van veranderde omstandighede soos wat teweeggebring word deur uitsprake ingevolge wetgewing en/of regulasies, asook ingevolge begrotingsbeperkings.

WESTERN CAPE PROVINCIAL ADMINISTRATION

SMOKING POLICY

WESTERN CAPE PROVINCIAL ADMINISTRATION

SMOKING POLICY

1. PREAMBLE

1.1 Section 24(a) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (Act 108 of 1996) provides that everyone has the right to an environment that is not harmful to his/her health or well-being. The Tobacco Products Control Act, 1993 (Act 83 of 1993) (the Act), as amended by the Tobacco Products Control Amendment Act, 1999 (Act 12 of 1999), read with Notice R975 of 2000 (Regulation Gazette 6895, Government Gazette 21610 of 29 September 2000) (the Notice) provides for, among others, the protection of employees and the public from the harmful effects of tobacco smoke in public places, including places of work.

1.2 The Western Cape Provincial Administration (the Administration) as a responsible employer and public service provider, is fully committed to implement practical policy measures in line with the letter and spirit of the Act and the Notice.

2. PURPOSE

To provide guidelines to heads of department on the practical implementation of the Act and the Notice so as to ensure compliance therewith, with due consideration to departmental conditions and constraints.

3. AUTHORISATION

This policy is mandated by clause 8 of the Notice, which specifically provides that all employers shall have a written policy on smoking in the workplace.

4. POLICY PROVISIONS

4.1 Prohibition of smoking

Smoking of tobacco products is prohibited in all workplaces of the Administration, subject to the Act, the Notice and further policy provisions.

4.2 Designation of smoking areas

4.2.1 Heads of department may (on request or in terms of any other internal procedure) in writing permit smoking in those places of work, or part(s) thereof, which are wholly or partly occupied/utilised by employees of his/her department. Such smoking is, however, limited to areas that are designated as smoking areas in terms of clause 3 of the Notice.

4.2.2 In designating all smoking areas, heads of department must ensure that the areas comply with the following conditions as set out in clause 3 of the Notice:

- The designated smoking area does not occupy more than 25% of the total floor area of the public place.

- The designated smoking area is separated from the rest of the public place by a solid partition and an entrance door on which the sign “SMOKING AREA” is displayed, written in black letters, at least 2 cm in height and 1,5 cm in breadth, on a white background.

- The ventilation of the designated smoking area is such that air from the smoking area is directly exhausted to the outside and is not re-circulated to any other area within the public place.

- The message “SMOKING OF TOBACCO PRODUCTS IS HARMFUL TO YOUR HEALTH AND TO THE HEALTH OF CHILDREN, PREGNANT AND BREASTFEEDING WOMEN AND NON-SMOKERS. FOR HELP TO QUIT PHONE (011) 720 3145” is displayed at the entrance to the designated smoking area, written in black letters, at least 2 cm in height and 1,5 cm in breadth, on a white background.

- Notices and signs indicating areas where smoking is permitted and where it is not permitted must be permanently displayed and signs indicating that smoking is not permitted must carry the warning: “ANY PERSON WHO FAILS TO COMPLY WITH THIS NOTICE SHALL BE PROSECUTED AND MAY BE LIABLE TO A FINE”.

4.2.3 Before any area is finally designated as a smoking area, a head of department must obtain a written advice from the Department of Transport and Public Works, Chief Directorate Works, that the particular area complies with the structural and signage requirements of the Notice.

4.2.4 The furnishing of designated smoking rooms will be at the sole discretion of the head of department, whose decisions in this regard will be guided by the availability of funds and departmental priorities. As a minimum, however, appropriate ashtrays must be available. (The latter should also apply to open air smoking areas to avoid littering.)

4.3 **Restaurants/canteens**

4.3.1 Smoking on provincial premises utilised as restaurants, canteens and the like is not permitted.

4.4 **Signage of provincial premises**

4.4.1 The Department of Transport and Public Works, Chief Directorate Works, in consultation with each head of department, is responsible for the proper signage of all provincial premises in accordance with the provisions of the Act and the Notice.

4.5 **Smoke breaks**

4.5.1 Concessions to employees to leave their places of duty to smoke during official hours (smoke breaks) is the prerogative of the head of department.

4.5.2 The head of department may delegate this responsibility to appropriate managerial/supervisory levels to ensure that local conditions and constraints are duly considered.

4.5.3 The department's managerial efficiency and operational requirements, as well as the level of productivity and the required work output of the officials concerned, may not be compromised by such concessions.

4.6 **Smoking in official vehicles**

4.6.1 Smoking in official vehicles will be regulated by the relevant prescripts of the Department of Transport and Public Works, Transport Branch.

4.7 **Sale and advertising/promotion of tobacco products**

4.7.1 The sale or supply of tobacco products on any premises of the Administration must be in accordance with Regulation R976 of 2000 (Government Gazette 21610 of 29 September 2000).

4.7.2 No provincial property may be utilised to advertise/promote tobacco products, subject to paragraph 4.7.1.

4.7.3 No employee in his/her official capacity may directly or indirectly promote tobacco products or encourage the use thereof.

5. MONITORING AND ENFORCEMENT OF THE POLICY

5.1 **Monitoring**

5.1.1 The implementation of this policy will be monitored by departmental health and safety representatives/committees appointed in terms of the Occupational Health and Safety Act, 1993 (Act 85 of 1993), as amended.

5.2 **Enforcement**

5.2.1 Every employee who is of the opinion that any person (to whom this policy applies) has breached these policy provisions, has the right to utilise the official grievance procedures.

5.2.2 Any employee who breaches this policy should be dealt with in accordance with the official disciplinary procedures.

6. SCOPE OF APPLICATION

6.1 This policy is applicable to all employees of the Administration, as well as visitors of employees and members of the public who are required to enter places of work in the course of service delivery.

6.2 This policy is also applicable to Members of the Provincial Cabinet who occupy offices in premises of the Administration.

7. DEFINITIONS

7.1 Terminology in this policy is used within the context of the definitions contained in the Acts and notices identified in this policy.

7.2 For purposes of this policy -

7.2.1 “employees” include persons employed by the Administration in a permanent, temporary or contract capacity on a full or part time basis;

7.2.2 “provincial premises” include all buildings (or part(s) thereof) owned or rented by the Administration, but exclude buildings that are primarily utilised as private dwellings; and

7.2.3 the official residence of the Premier will be deemed as a “private dwelling”.

8. IMPLEMENTATION

This policy has been approved by the Provincial Cabinet in terms of Resolution 318 of 2002 and comes into operation with effect from 1 October 2002.